NOTULE.

U.K. VERGADERING GEHOU OP 23 NOVEMBER 1959 IN DIE SENDING-KANTOOR.

TEENWOORDIG: Di. P.S.Z. Coetzee (Voors); J.J. Fourie en die Saakgelastigde, Mnr. S.J. Naudé in adviserende hoedanigheid.

Die Voors. open met gebed.

B U I T E L A N D.

1. BEGROTING BUITELAND: Die begroting, soos voorgelê deur die Saakgelastigde word aanvaar. Bylae A en B.

2. NUWE SEKONDÊRE SKOOL, KATETE: Dit word besluit dat die nuwe sekondêre skool wat op £22,000 beraam word, nie uit Sendingfondse gefinansieër kan word nie, selfs nie by wyse van voorskotte uit Sendingfondse nie. Pogings moet aangewend word om Regeringsvoorskotte te verkry voordat die werk 'n omvang neem, aangevul van tyd tot tyd deur Regerings-voorskotte, sodat geen sendinggeld hiervoor aangevra en gebruik word nie.

Indien bogaande gebeur, dan sal Ds. P. Bolink gevra word (en indien moontlik daarvoor losgemaak word) om toesig te hou oor die bouery. Hy moet dan 'n naturelle leraar as hulp kry.

3. HOSPITAAL TE KAMOTO: Dit word goedgekeur dat met hierdie saak 'n aanvang gemaak sal word tot die bedrag waarvan melding gemaak is en dat pogings aangewend sal word deur die S.A.S.K. om die nodige bykomende bedrae te vind.

Daar word egter versoek dat die uitgawes i.v.m. die bou van die hospitaal geskei sal word van die gewone stasie opgawes.

4. SKULD NEGROES NGUMAYO: Hierdie sal uitbetaal word.

5. KOLONIE VIR MELAATSES NSADZU: Die orige bedrag van £125 word aangestuur.

6. BONUSSE: Word goedgekeur soos aanbeveel. (Bylaes C. & D.)

7. DS. DELPORT: Handelwyse van die wnde. Alg. Sendingsekretaris word goedgekeur.

8. MEJ. F. VAN NIEKERK: Die Voors. en wnde. Alg. Sendingsekretaris sal in verbinding met Mej. van Niekerk tree om met haar te reël.

9. STOWE, AANKOOP: Hierdie saak sal oorstaan tot a.s. jaar met die oog op die finansiële posisie.

10. HERSTEL VAN DAKKE: Die uitgawes i.v.m. die herstel van die dakke word goedgekeur.

11. SKULD MNR. D. LOUW: Die vorige besluit in verband hiermee word gehandhaaf.

12. TAMANDA DAM: Die bou van hierdie dam word goedgekeur.

13. RAADPLEGING VAN SPESIALIS, MNR. N.F. BOTHA: Uitbetaling word goedgekeur.

14a. SALARISSKAAL VAN PERSONEEL: Die Sekretaris sal dié van Kaapland en Transvaal verkry, met die oog op nuwe Reglement.

(b) I.v.m. die tekort sal die Voors. ter geleënertyd 'n oproep doen.